(Scroll down for English)

HALAAL-ETES OP STELLENBOSCH-KAMPUS

IN KOSHUISE

Die koshuise **Metanoia** in die Rubix-kluster, **Irene** in die Wimbledon-kluster, **Goldfields** in die Validus-kluster asook **Harmonie** en **Monica** in die Victoria cluster is gesertifiseer om halaal-etes in hul eetsale te bedien. **Alle koshuisstudente** wat halaal wil eet – ongeag of hulle in Metanoia, Irene of ’n ander koshuis bly – kan hier met hulle studentekaarte bespreek en op hulle gewone etekwotas eet. **Privaat studente in die Rubix-kluster** (Venustia en Pieke) en **Wimbledon-kluster** (Aristea en Vesta) kan ook van Metanoia en Irene se halaal-etes gebruik maak deur bloot vooraf kontant in hulle etekwotas in te betaal. Gaan gerus na www.maties.com en klik op “Studentegelde”, waar ons verduidelik hoe jy dit doen.

BY ’N DELI

Die deli in Huis Russel Botman bied ook halaal-wegneemetes. Hierdie gerieflike diens is beskikbaar vir **alle studente in die Wimbledon-kluster** (die koshuise Eendrag, Irene, Sonop, Helshoogte en die privaat wyke Aristea en Vesta). Koshuisstudente in die kluster eet op hulle etekwotas op hulle studenterekeninge, en privaat studente betaal bloot vooraf kontant in hulle kwotas in (soos ons op www.maties.com verduidelik).

IN DIE STUDENTESENTRUM (die Neelsie)

In die Studentesentrum (die Neelsie) is daar reeds een verskaffers wat halaal-etes voorberei. Privaat studente kan hierdie etes kontant koop, of vooraf geld in hulle etekwotas inbetaal om hulle studentekaarte te gebruik. Al kan koshuisstudente nie hulle etekwotas in die Studentesentrum gebruik nie, kan hulle in enige stadium hier ’n ete kontant koop.

HALAAL MEALS ON STELLENBOSCH CAMPUS

IN A RESIDENCE

The residences **Metanoia**, which is situated in the Rubix cluster, **Irene** in the Wimbledon cluster, **Goldfields** in die Validus cluster as well as **Harmonie** and **Monica** in the Victoria cluster are certified to serve halaal meals in their dining halls. **All residence students** who wish to eat halaal – whether they stay in Metanoia, Irene or other residences – may use their student cards to book here and eat on their regular meal quotas. **Private students in the Rubix cluster** (Venustia and Pieke) as well as students in the **Wimbledon cluster** (Aristea and Vesta) may also make use of Metanoia and Irene halaal meals by simply depositing cash into their meal quotas beforehand. Please visit www.maties.com and click on "Student fees", where we explain how to do this.

AT A DELI

The deli in House Russel Botman also serves halaal takeaways. This convenient service is available to **all students in the Wimbledon cluster** (Eendrag, Irene, Sonop and Helshoogte residences and the private wards Aristea and Vesta). Residence students from the cluster eat on their meal quotas on their student accounts, while private students again simply deposit cash into their quotas beforehand (as explained on www.maties.com).

IN THE STUDENT CENTRE (the Neelsie)

The Student Centre (the Neelsie) already has one supplier who prepares halaal meals. Private students may buy these meals cash, or deposit money into their meal quotas beforehand in order to swipe their student cards. Although residence students cannot use their meal quotas in the Student Centre, they are welcome to pay cash for a meal at any stage.

Koshuisplasingskantoor, Studentegemeenskappe en Kommersiële Dienste, Februarie 2019
Residence Placement office, Student Communities and Commercial Services, February 2019